Mediaverklaring

Tegnologiese sprong tydens Covid verbeter onderrig in die klas

2021/07/06

“Die onderwyslandskap het oor die afgelope 15 maande onherroeplik verander, met snelle vooruitgang in tegnologie wat onderrig verryk en skole se kritiese rol in die samelewing vergemaklik om kultuuroordrag van geslag tot geslag te verseker,” sê Flip Buys, voorsitter van die Solidariteit Beweging tydens die Solidariteit Skoleondersteuningsentrum (SOS) se jaarlikse onderwyskongres.

Buys het verwys na die McKinsey-verslag wat bevind het dat daar tydens die eerste fase van die pandemie binne twee weke ongeveer 5 jaar se tegnologiese vordering gemaak is. Skole wat hierdie tegnologiese voordele kan benut, gaan ŉ groot voorsprong vir hul leerders kan bied. Die SOS sien sy rol om skole toe te rus om die tegnologiese voordele in onderrig optimaal te benut, om die gehalte van Afrikaanse onderrig in die toekoms volhoubaar te verseker.

Die huidige inperkings het die SOS genoodsaak om hulle jaarlikse onderwyskongres weer vanjaar virtueel aan te bied. Sprekers soos Lynette Beer, Elsabe Aldrich en Minette Dempsey motiveer en inspireer van 6 tot 8 Julie daagliks die sowat 800 kongresgangers wat aanlyn inskakel.

Die onderwyser se onmisbare rol in die onderrig van leerders en moderne tegnologie se ondersteunende rol hierin, staan sentraal tot die tema vanjaar. Die sogenaamde vervlegde leer-onderrigstyl is juis ontwikkel om moderne tegnologie, gesonde klaskamerpraktyke en selfgerigte leer te vervleg (“blend”) tot voordeel van die leerproses.

Sprekers by die virtuele kongres beveel ŉ “omgekeerde klaskamer”-model aan en gebruik die einste model tydens die kongres. Kongresbywoners het vooraf hulpbronne ontvang om deur te werk, en kon sodoende met voorkennis deelneem aan sessies wat aangebied is.

“Die omgekeerde klaskamer-model spreek tot die eise wat die 21ste eeu. In ŉ snelveranderende wêreld sal sekere bestaande beroepe verdwyn, terwyl nuwe beroepsmoontlikhede deurlopend ontstaan. Leerders moet daarom geleer word om aanpasbaar en pro-aktief te wees, en om innoverend te dink, ten einde in die toekoms suksesvol te wees,” sê Valentyn van der Merwe, hoof van Innovasie by die SOS.

Solidariteit Skoleondersteuningsentrum het twaalf verskillende verenigings wat professionele ondersteuning aan onderwysers bied, asook Die Wolkskool wat ŉ volledige onderwysbestuurplatform en aanlyn kurrikulum vir leerders van Graad 1 tot 12 bied.

Vir alle medianavrae:

SKOLE
ondersteuningsentrum

Sarina Prinsloo
Skakelbeampte
012 612 0234
072 123 1707
sarina@skole.co.za
Von Willichlaan 284, Die Hoewes, Centurion
skole.co.za